Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training
Department: Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1170**(A)**(N29)H

# NATIONAL CERTIFICATE

# HANDELSREG N5

(13030105)

**29 November 2018 (X-Vraeste4l)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
HANDELSREG N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**LET WEL:** As jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal nagesien word. ALLE werk wat jy NIE wil hê moet nagesien word NIE, moet duidelik deurgehaal word.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. AFDELING A is VERPLIGTEND en moet deur ALLE kandidate beantwoord word.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae deeglik deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. AL die antwoorde moet in VOLSINNE wees, behalwe waar anders aangedui word.
7. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING A VERPLIGTEND

## VRAAG 1

1.1 Kies 'n item/woord uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-M) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Deur handelinge van verteenwoordiging word 'n regsverhouding tot stand gebring | A | saaklike sekerheid |
| | | B | mandaat |
| 1.1.2 | Positiewe nienakoming ('non-performance') | C | verrykingsretensiereg |
| | | D | skikking/ooreenkoms ('accord') |
| 1.1.3 | 'n Stilwyende reg om eiendom van 'n ander persoon met toestemming te behou/terug te hou | E | beslote korporasies |
| 1.1.4 | Die waarde van hierdie maatskappysekuriteite was ingevolge die ou Maatskappywet misleidend en die nuwe wet het daarmee weggedoen | F | agentskap |
| | | G | eensydige ontbinding van enige vennootskap |
| | | H | handeling/-e ingevolge die nuwe wet wat nie bekragtig kan word nie |
| 1.1.5 | Ondernemingsvorm waar die lede daarvan vertrouenspligte het | | |
| 1.1.6 | 'n Spesifieke instruksie gegee deur een persoon aan 'n ander om namens die persoon te presteer wat sodanige instruksie gegee het | I | makelaar en nie eiendomsagent nie |
| | | J | beskikking sonder teenwaarde |
| 1.1.7 | Het te doen met die lewering van roerende en onroerende eiendom in spesifieke gevalle | K | skuldenaar- en skuldeiserretensieregte |
| 1.1.8 | Ultra vires-leerstuk | L | anonieme vennoot |
| 1.1.9 | Insolvente persoon verkoop die bates wat aan die boedel behoort teen 'n waarde wat minder as die werklike waarde daarvan is | M | pariwaarde-aandele |
| 1.1.10 | Onderhandel slegs oor die verkoop van roerende goedere | | |

(10 × 2) (20)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.2 Verskillende opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf net die letter (A-D) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Watter EEN van die volgende partye word nie deur die Turquand-reël beskerm nie?

A Die persoon wat 'n kontrak gesluit het of met die maatskappy onderhandel het
B Die maatskappy
C Direkteure
D Aandeelhouers

1.2.2 Die tydperk (duur) van 'n vennootskap wat gestig is vir 'n spesifieke doel, verstryk sodra ...

A alle vennote hul onderskeie bydraes gelewer het.
B die doelwitte bereik is.
C die vennootskapboeke oop is vir inspeksie aan alle vennote.
D alle stille vennote aan die publiek bekend gemaak word.

1.2.3 Watter EEN van die volgende stellings hier onder is NIE 'n gemeenregtelike reël wat iets te doen het met die instandhouding van kapitaal NIE?

A 'n Maatskappy mag nie sy eie aandele terugkoop nie.
B Geen maatskappy mag finansiële bystand aan iemand verleen om aandele in daardie maatskappy te koop nie.
C 'n Maatskappy mag nie dividende uit sy aandelekapitaal betaal nie.
D 'n Maatskappy mag nie aandele teen 'n korting ('discount') uitreik nie.

1.2.4 'n Kenmerk van 'n beslote korporasie in teenstelling met 'n privaat maatskappy:

A Dit is goedkoper en buigsamer
B Die feit dat 'n BK nie 'n maatskappy in staatsbesit is nie
C Die feit dat dit net aandeelhouers het
D Die oordraagbaarheid van sy aandele

1.2.5 Deur ... word die insolvent bevry van alle regsonbevoegdheid wat hom/haar deur die handeling van insolvensie opgelê is.

A 'n skikking/ooreenkoms ('accord')
B oorgawe ('surrender')
C sekwestrasie
D rehabilitasie

(5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.3 Kies die korrekte woord(-e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(-e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Ingevolge die nuwe Maatskappywet 71 van 2008 word die betaling van dividende aan enige aandeelhouer beskou as 'n (uitkering/uitreiking ('distribution')/bydrae ('contribution')).

1.3.2 Waar meer as net een maatskappy 'n spesiale verhouding deel as gevolg van 'n gemeenskaplike aandeelhouding, verwys die nuwe Maatskappywet daarna as 'n (fidusiêre/filiaal-) verhouding.

1.3.3 Met verwysing na beslote korporasies, word die (CK7/CK1)-vorm voltooi om die naam van die beslote korporasie te bespreek.

1.3.4 Slegs (maatskappydirekteure/maatskappydirekteure en BK-lede) het 'n vertrouensplig teenoor daardie sake-entiteit.

1.3.5 As iemand lidmaatskap van 'n beslote korporasie bekom, kan sodanige lidmaatskap slegs van 'n (bestaande ledebelang/deregistrasie van die BK) bekom word.

1.3.6 Die (anonieme/en commandité) vennoot se aanspreeklikheid teenoor die vennootskap mag nooit die omvang van sy/haar spesifieke bydrae tot die vennootskap oorskry nie.

1.3.7 Eiendomsreg van roerende goed wat by die insolvent gekoop, maar nog nie betaal is nie, word oorgedra sodra (die koopprys betaal is/lewering plaasgevind het).

1.3.8 (Pand/Retensieregte) is die enigste sekuriteite wat op roerende en onroerende eiendom van toepassing is.

1.3.9 Borgstelling is 'n ooreenkoms waarby die borg en die (skuldenaar/skuldeiser) betrokke is.

1.3.10 In die geval van agentskap is die agent slegs persoonlik aanspreeklik indien hy/sy (sonder 'n mandaat/onder dwang) opgetree het.

(10 × 1) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf net 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 By die betaling van die opbrengs van roerende bates wat ingevolge insolvensie verkoop is, word alle skuldeisers as voorkeurskuldeisers behandel en elkeen het 'n gelyke eis.

1.4.2 Die Suid-Afrikaanse uitsaaikorporasie (SAUK) word as 'n onderneming in staatsbesit, soos alle openbare/publieke maatskappye, ook beheers deur die bepalings van die Maatskappywet 71 van 2008, omdat dit die algemene publiek dien.

1.4.3 Ewigdurende opvolging is 'n eienskap wat nie verleen kan word of vereenselwig kan word met enige tipe maatskappy nie, aangesien nie alle maatskappye op winsbejag ingestel is nie.

1.4.4 Die gevolge van 'n rehabilitasiebevel vir die insolvent beteken dat hy/sy vrygestel word van enige diskwalifikasie as gevolg van die feit dat sy/haar boedel gesekwestreer is, alhoewel alle skuld wat voor daardie tyd aangegaan is, nog steeds verskuldig is.

1.4.5 Enige persoon, met of sonder handelingsbevoegdheid, mag as verteenwoordiger of agent van iemand anders optree solank hy/sy volmag van die prinsipaal het.

1.4.6 Ongeag die tipe vennoot wat 'n persoon is, is vennote geregtig op redelike vergoeding vir enige uitgawes wat aangegaan is, selfs al het die onderneming nie gebaat by die uitgawe nie.

1.4.7 Met verwysing na insolvensie is 'n aansoek om sekwestrasie deur 'n skuldenaar of skuldenaar se agent soortgelyk aan 'n aansoek om die verpligte sekwestrasie van 'n skuldenaar.

1.4.8 'n Geldige pand beteken dat die pandhouer lewering van die goedere of eiendom van die pandgewer moet aanvaar.

1.4.9 In wese is vennootskappe baie spesiaal, in die sin dat hulle nie afsonderlik van hulle lede kan bestaan nie.

1.4.10 Aangesien geen nuwe beslote korporasies meer gestig mag word nie, funksioneer die Registrateur van Beslote Korporasies nou onder die beskerming van die Registrateur van Maatskappye.

(10 × 1) (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 Wolfgang het 'n vriend, Pierre, wat 'n student is. Pierre het ABC Bank genader om 'n studentelening. Die leningsbedrag beloop R320 000. Bank ABC is bereid om die geld aan Pierre voor te skiet, mits hy (Pierre) enigiemand kan bring wat bereid is om 'n ooreenkoms met hulle te onderteken dat hy/sy die geld en rente binne 'n gespesifiseerde tydperk terug sal betaal indien Piere nie in staat sou wees om die geld terug te betaal wat hy by die bank geleen het nie.

2.1.1 Oorweeg die volgende: Pierre nader sy vriend, Wolfgang, en verduidelik aan hom (Woflang) dat die bank bereid is om die geld aan hom (Pierre) te leen op voorwaarde dat Pierre iemand (Wolfgang) na die bank bring wat 'n ooreenkoms met hulle sal onderteken dat hy die geld sal terugbetaal indien Pierre dit nie kan doen nie. Wolfgang stem in.

Wat word hierdie ooreenkoms tussen die bank en Wolfgang genoem? (2)

2.1.2 As Pierre die skuldenaar in hierdie feitestel is, wie is Bank ABC en Wolfgang (buiten Pierre se vriend) onderskeidelik?

Skryf jou antwoord as volg: Bank ABC is ... en Wolfgang is . (2 × 2) (4)

2.1.3 Veronderstel Wolfgang besluit dat hy nie sy vriend alleen kan help nie en hy vra 'n ander vriend vra om ook te help as dit nodig sou wees indien Pierre nie die lening kan terugbetaal nie.

Indien dit vir die bank aanvaarbaar is, as wat sal Wolfgang en die ander vriend ingevolge dieselfde ooreenkoms bekend staan? (2)

2.1.4 Ingevolge die ooreenkoms tussen Wolfgang en sy vriend, wat instem om te help betaal as Pierre dit dalk nie sal kan doen nie, en Bank ABC, gebeur dit toe wel dat toe Pierre die lening moet terugbetaal, hy dit nie kan terugbetaal nie. Ingevolge die ooreenkoms nader Bank ABC vir Wolfgang om die lening terug te betaal. Wolfgang is paniekerig en nader jou om advies in hierdie verband. Jy raai hom aan om die voorreg van verdeling (Latyn: '*beneficiumdivisionis*') te gebruik wanneer die bank betaling van hom eis.

Verduidelik aan Wolfgang wat die betekenis en gevolg van hierdie gemeenregtelike voordeel is wat tot sy beskikking is. (7 × 2) (14)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.2 As ons wil weet of 'n sekere verteenwoordigingshandeling of agentskap-handeling geldig of 'n vorderingsreg is, toets ons gewoonlik of sodanige handeling die ware kenmerke van verteenwoordiging weerspieël al dan nie.

Noem VIER kenmerke wat dit baie duidelik sal maak dat dit beslis 'n geval van verteenwoordiging is. (4 × 2) (8)

2.3 Thabo is buite gemeenskap van goed met Portia getroud. Ter nakoming van regsvereistes en ingevolge 'n behoorlik geregistreerde huweliksvoorwaardes-kontrak het Thabo 'n huis aan sy vrou, Portia, geskenk. Thabo se boedel word gesekwestreer. Die huis is voor sekwestrasie in Portia se naam geregistreer.

In watter omstandighede sal die kurator, na oorweging van al die feite, nie 'n eis ten aansien van die huis kan instel as 'n beskikking sonder teenwaarde nie? (5 × 2) (10)

2.4 Oorweeg die pligte van vennote in die volgende feitestel en beantwoord die vrae wat volg:

X en Y, 'n eiendomsagentskap, koop en verkoop eiendom en is 'n vennootskap. Die volgende transaksies word deur vennoot X gesluit:

2.4.1 As gevolg van swaar reën en oorstromings wat op 1 Julie plaasgevind het, word X gedwing om 'n stuk grond (erf) vir R90 000 te verkoop. Hy het die erf vir R145 000 op 1 Maart dieselfde jaar gekoop. Die netto wins vir die jaar is egter R235 000.

Adviseer vennoot Y, wat nie gelukkig is oor die verlies wat gely is nie. (2)

2.4.2 Vennoot X koop twee standplase teen R100 000 elk op 'n veiling. Sy verkoop hierdie standplase later teen R300 000 elk. Sy verklaar slegs die koop en verkoop van een van die standplase aan Y. Y hoor later van X se geheime wins.

Adviseer Y dienooreenkomstig. (3 × 2) (6)

2.4.3 Na 'n kantoorpartytjie waar Y te veel gedrink het, verkoop hy 'n sekere eiendom (erf 123) vir R200 000, maar dink dat dit 'n ander eiendom (erf 321) is. As gevolg van Y se nalatigheid ly die vennootskap skade van R40 000.

Adviseer vennoot X, wat ongelukkig is oor Y se optrede. (2)
**[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 3

3.1 Nomawabo besit 'n klein drukwerk- en skryfbehoefte-onderneming. Sy verskaf skryfbehoeftes en ander materiaal aan kollegestudente in haar gemeenskap. As gevolg van die onlangse verlangsaming van die ekonomie en die daling in die waarde van die rand, kan Nomawabo nie bekostig om haar verskaffers en ander rekeninge te betaal om die onderneming aan die gang te hou nie. Die situasie het so ernstig geword dat sy bang is dat sy bankrot gaan speel. In plaas daarvan, nader sy een van haar grootste verskaffers van skryfbehoeftes en bereik 'n ooreenkoms met hulle om 'n sekere bedrag geld oor 'n tydperk aan hulle terug te betaal sodat sy (haar onderneming) nie gesekwestreer sal word nie. Sy dink dat dit in hierdie situasie beter sal wees deur haar skuldeisers te nader en vra jou om raad. Jy noem aan haar dat wat sy gedoen het, regtens bekend staan as 'n *samestelling ('*composition'*)* of *akkoord.*

Verduidelik verder aan haar die VIER gevolge (resultate) van haar optrede (akkoord) in hierdie verband. (4 × 2) (8)

3.2 Bespreek die aanspreeklikheid van lede van 'n BK ten opsigte van:

3.2.1 gemagtigde handeling

3.2.2 ongemagtigde handeling

3.2.3 handelinge wat nie in die stigtingsverklaring genoem word nie (3 × 2) (6)

3.3 Skuldbriewe en aandele, wat deel uitmaak van 'n maatskappy se finansiële samestelling, is nie dieselfde nie. Met verwysing na skuldbriewe en aandele van enige maatskappy, ontleed albei terme en skryf dan kort verduidelikende aantekeninge onder die subopskrifte (3.3.1–3.3.5) wat hier onder genoem word om die verskille tussen skuldbriewe en aandele te verduidelik:

**WENK:** Skuldbriewe en aandele moet deel uitmaak van elke antwoord in (3.3.1–3.3.5) hier onder.

3.3.1 Spesifieke regte wat elkeen aan die houer daarvan verleen

3.3.2 Aanspreeklikheid wat voortspruit uit die hou van 'n skuldbrief teenoor die aanspreeklikheid om aandele te besit

3.3.3 Ontvangs van rente of dividende as uitbetaling vir elkeen

3.3.4 Opbrengs op kapitaal ('return of capital') aan die belegger

3.3.5 Mate waarin beide gesekureer word deur 'n eis/vordering ('charge') teen die maatskappybates al dan nie (5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


3.4 Noem die volgende dokumente wat verband hou met die registrasie van 'n maatskappy:

3.4.1 Lys van name en adresse van alle persone wat aandele in die maatskappy hou

3.4.2 'n Dokument wat die publiek nooi om aandele in die maatskappy te koop

3.4.3 Die dokument wat interne aangeleenthede en bestuur van die maatskappy reël

3.4.4 By ontvangs van hierdie dokument mag 'n privaat maatskappy begin om sake te doen

3.4.5 Die dokument wat deur 'n openbare maatskappy aan 'n persoon uitgereik word wat geld aan die maatskappy geleen het

(5 × 2) (10)

3.5 Vier kollegestudente, A, B, C en D, besluit om 'n onderneming te begin deur rekeningkundige boeke vir klein tot mediumgrootte ondernemings in hulle gemeenskap voor te berei. Hulle vennootskapskontrak swyg oor hoe die wins tussen hulle verdeel sal word. Hulle nader jou om raad na twee maande, aangesien hulle 'n netto wins van R20 000 gemaak het wat hulle nou wil verdeel.

Adviseer hulle (sit duidelik uiteen) hoe die wins in elke geval (3.5.1–3.5.2) verdeel moet word en hoeveel elke vennoot sal kry indien ...

3.5.1 A en D R20 000, B en C R10 000 en R50 000 onderskeidelik gegee het (dws 'n groottotaal van R100 000) (3 × 2) (6)

3.5.2 Daar kan nie vasgestel word in watter verhouding die vier vennote onderskeidelik tot die vennootskap bygedra het nie. (2 × 2) (4)

3.6 Tony en Peter is goeie vriende. Peter is 'n eiendomsagent. Tony het nog altyd vir Peter en ander vriende laat verstaan dat hy 'n meenthuis in 'n sekere woonbuurt wil koop waar hy (Tony) tans 'n huis huur. Een dag bel Peter vir Tony en wens hom geluk omdat hy die eienaar van 'n meenthuis geword het. Peter het onderhandel en 'n meenthuis vir Tony by 'n verkoper gekoop in die woonbuurt waar Tony graag 'n huis wou koop. Tony het nie daarvan geweet nie en ook nie vir Peter instruksies gegee om te onderhandel oor die koop van die huis namens hom (Tony) nie.

3.6.1 Identifiseer korrek die verskynsel wat hier ter sprake is met verwysing na agentskap (verteenwoordiging). (2)

3.6.2 Met verwysing na die antwoord in vraag 3.6.1 en Tony se situasie in die feitestel, verduidelik kortliks wat hierdie verskynsel beteken.

(2 × 2) (4)

**[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 4**

4.1 Bespreek die ultra vires-leerstuk en die toepassing daarvan op maatskappye ingevolge die gemeenregtelike bepalings van die Maatskappywet. (2 × 2) (4)

4.2 Die Maatskappywet 71 van 2008 maak voorsiening vir die stigting van twee tipe maatskappye, naamlik maatskappye met winsbejag en maatskappye sonder winsbejag.

Noem enige TWEE ander maatskappye met winsbejag wat kan bestaan, behalwe maatskappye met persoonlike aanspreeklikheid. (2 × 2) (4)

4.3 Sedert die inwerkingtreding van die Maatskappywet 71 van 2008, het dit die norm vir professionele mense soos prokureurs, ouditeure, rekenmeesters, en so meer geword om maatskappye met persoonlike aanspreeklikheid (MPA) in eie reg te vorm.

Noem VYF kenmerke van die maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid ingevolge die nuwe Maatskappywet. (5 × 2) (10)

4.4 Soos 'n vennootskap wat vennote het, het 'n beslote korporasie lede wat vir en namens die korporasie optree. Waar individuele vennote namens die vennootskap kontrakte gesluit het sonder die nodige bevoegdheid, kan sodanige handelinge agterna bekragtig word deur middel van bekragtiging en so ook in die geval van beslote korporasies.

Hou bogenoemde in gedagte en skryf DRIE gevalle neer waar 'n beslote korporasie gebonde sal wees aan die handelinge van sy lede, met ander woorde, die BK sal aanspreeklik wees vir skuld wat deur sy lede aangegaan is.
(3 × 2) (6)

4.5 Beskryf kortliks die volgende tipe agente:

4.5.1 Afslaer (2 × 2)

4.5.2 Del credere-agent (2 × 2)
(2 × 4) (8)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


4.6 Toon in elkeen van die volgende gevalle aan watter van die genoemde bates (hetsy dit aan die insolvent behoort het ten tyde van sekwestrasie en of dit na sekwestrasie verkry is) NIE gewoonlik deel van die insolvente boedel uitmaak NIE.

4.6.1 Die kar wat die insolvent ten tyde van sekwestrasie besit het

4.6.2 Inkomste verdien deur die insolvent na sekwestrasie, maar wat die insolvent nodig het om homself en sy afhanklikes te onderhou.

4.6.3 Trustgeld wat deur 'n insolvente prokureur namens sy kliënte gehou word.

4.6.4 Pensioenvoordele

4.6.5 Voorlopige rente van 'n fideikommissêre erfgenaam

4.6.6 Vergoeding verskuldig aan die insolvent as gevolg van vergoeding ('indemnification') weens 'n besering aan die insolvent (6 × 2) (12)

4.7 Jou buurman, wat van plan is om 'n vennootskap met sy vriende te sluit, vra jou of dit waar is dat indien die vennootskap waarby hy wil aansluit insolvent sou word, hy sy onderneming (vennootskapbelange) asook sy private bates sal verloor.

Adviseer hom oor watter gevolge 'n insolvensie (bankrotskap) op die vennootskapboedel en die boedels van die individuele vennote sal hê. (3 × 2) (6)
**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 Skryf aantekeninge oor die stigtingsverklaring van 'n beslote korporasie met spesifieke verwysing na enige VIER besonderhede wat hierdie verklaring moet bevat. (4 × 2) (8)

5.2 In die geval van agentskap of verteenwoordiging het sowel die agent as die prinsipaal wedersydse verpligtinge en verantwoordelikhede teenoor mekaar.

Noem DRIE verpligtinge wat die agent teenoor sy/haar prinsipaal het. (3 × 2) 6)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.3 Bespreek insolvensie onder die volgende opskrifte:

5.3.1 Die doel van die sekwestrasieproses (2)

5.3.2 Wie kan by die hof aansoek doen om die sekwestrasie van 'n skuldenaar se boedel wat insolvent is of waar 'n daad van insolvensie gepleeg is?

Verduidelik die besonderhede van sodanige persoon/persone.
(2 × 2) (4)

5.4 Bespreek kortliks die gevolge wat sekwestrasie vir alle partye betrokke by elkeen van die volgende kontrakte het:

5.4.1 Dienskontrakte

5.4.2 Roerende goed op krediet deur die insolvent gekoop
(2 × 2) (4)

5.5 Onderskei kortliks tussen 'n anonieme/stille vennoot en 'n vennoot en commandité ingevolge hul bydraes en aanspreeklikheid vir vennootskapskuld.

**WENK:** Maak 'n gepaste opskrif vir elke tipe vennoot en skryf jou antwoorde onder elke opskrif. (2 × 2) (4)

5.6 Dit gebeur dikwels wanneer mens 'n maatskappy besoek dat jy, terwyl jy by die ontvangsarea wag, tydskrifte, ensovoorts op die koffietafel of elders in die omgewing sien. Jy kan dalk ook 'n omvattende brosjure wat redelike duur lyk daar raaksien wat by nadere ondersoek die verskillende finansiële jaareindstate bevat van óf daardie óf van 'n ander maatskappy. Afgesien van 'n paar bladsye wat algemene agtergrondinligting en 'n paar interessante foto's bevat, behoort die inhoud uit vyf state en/of verslae te bestaan.

Afgesien van die state oor die finansiële posisie en omvattende inkomste, noem die DRIE ander state en/of verslae waaruit sodanige sakeverslag moet bestaan.
(3 × 2) (6)

5.7 Jy het ekstra kontant om te belê en besluit om aandele in Maatskappy XYZ te koop. Voor jy dit egter doen, besluit jy om verstandig te wees en eers 'n bietjie navorsing te doen oor die maatskappy waarin jy wil belê. Jy slaag daarin om 'n paar onlangse finansiële artikels oor Maatskappy XYZ in die *Financial Times* te kry en bestudeer hulle noukeurig. In een artikel word genoem dat Maatskappy XYZ 'n filiaalmaatskappy van Maatskappy ABC is en dat Maatskappy ABC die beherende maatskappy is. Jy stel baie belang in wat dit alles beteken.

Gebruik die inligting hier bo en skryf DRIE situasies neer waarin die maatskappy waarin jy wil belê die filiaalmaatskappy van die beherende Maatskappy ABC sal wees.

**WENK:** Verwys spesifiek na albei maatskappye in jou antwoord. (3 × 2) (6)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.6 Kopieer die tabel hier onder (sonder die voorbeeld) in jou ANTWOORDBOEK en skryf die antwoorde in die vereiste spasies, soos aangedui:

| **Sleutelkwessies relevant vir maatskappye** | **Bepalings van die Maatskappywet 71 van 2008** |
|---|---|
| Voorbeeld:<br>Aandele | Voorbeeld:<br>Slegs aandele sonder pariwaarde; pariwaarde-aandele is ingevolge die nuwe Maatskappywet afgeskaf. |
| Regulerende liggaam vir maatskappye en beslote korporasies | 5.8.1 … |
| Lidmaatskap | 5.8.2 Maatskappye sonder winsbejag … |
| Aantal direkteure | 5.8.3 Maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid … |
| Remdiërende of voorkomende optrede wat voor die sekwestrasie van 'n sukkelende maatskappy geneem word | 5.8.4 … |
| Geldigheidstatus (waarde) van aandele wat na likwidasie van 'n maatskappy oorgedra is | 5.8.5 |

(5 × 2) (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou